

Sing vooraf staande: Psalm 32:1 (p. 151)

- 1 Welsalig wie van skuld en straf onthewe, / die woord mag hoor: jou sondes is vergewe.
Want God wat groot is in barmhartigheid, / het hom vergewe en skeld die skuld hom kwyt.
Welsalig wie die HEER geen enkel stonde / toereken wil die boosheid van die sonde
en wie se gees, van alle valsheid vry, / voor God ootmoedig al die skuld bely.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 100 (p. 494)

- | | | | |
|---|---|---|---|
| 1 | Juig, al wat leef, juig voor die HEER!
Dien God met blydschap, gee Hom eer;
kom nader voor sy aangesig,
en prys Hom met 'n lofgedig! | 2 | Die HEER is God, erken dat Hy
'n eie volk vir Hom berei,
'n volk om Hom te dien en vrees
en skape van sy wei te wees. |
| 3 | Gaan deur sy poorte in met lof,
met lofsang in sy tempelhof;
kom in sy huis, o bondsvolk, saam;
verhef sy lof en prys sy Naam. | 4 | Want goedertieren is die HEER;
sy goedheid eindig nimmermeer;
sy trou en waarheid hou hul krag
tot in die laaste nageslag. |

Gebed

Psalm 33:2 (p. 157)

- 2 Sing nuwe sange, nuutgebore / uit aandrif van die skoonste kuns;
trompetgeklank deur tempelkore / moet danksê vir Gods nuwe guns.
Wat ons toegeseg is / in Gods Woord wat reg is, / het ons hart verbly;
en Gods almagsmerke / sien ons op sy werke – / waar en reg soos Hy.

Skriflesing: Hebreërs 13

Teks: Hebreërs 13:20, 21; Kategismus Sondag 30

**Mag die God van die vrede, wat die groot Herder van die skape,
naamlik ons Here Jesus Christus, deur die bloed van die ewige
testament uit die dode terugbring het, julle vol maak in elke
goeie werk, om sy wil te doen, deur in julle te werk wat
welbehaaglik is voor Hom deur Jesus Christus aan Wie die
heerlikheid toekom tot in alle ewigheid ! Amen.**

(Hebreërs 13:20, 21 AFR53)

Geen mens kan glo en aanhou glo as die Here nie hierdie geloof in hom vestig en
ook bevestig nie.

- Ons kan nie vir mekaar glo nie,
- maar ons kan wel vir mekaar bid.

Dit is presies wat in hierdie gedeelte gebeur:

- Die skrywer bid dat die gemeente se geloof versterk moet word.
- Dit is baie opvallend hoe en waardeur die gemeente se geloof versterk moet word: Die God van vrede moet dit doen, en Hy doen dit deur die middelaars-werk van die Here Jesus Christus.

Die gelowiges reageer daarop deur twee dinge te doen:

- Hulle doen goeie werke wat vir God welbehaaglik is, en
- hulle gee aan Jesus Christus die eer.

Die dinge is natuurlik alles van toepassing op die nagmaal, want dit is gepas dat ons biddend tot die Here, maar ook biddend vir mekaar, na die nagmaal toe kom. Natuurlik is dit so dat ons eie lewe moet pas by ons gebede.

1. Wat glo ons van die offerande van die Here Jesus Christus?

2. Waar pas selfondersoek in by die offerande van die Here Jesus Christus?

1. Wat glo ons van die offerande van die Here Jesus Christus?

Die Here Jesus het aan die kruis gesterf tot verlossing vir die mense wat almal in Hom glo.

- Dit is ook die mense oor wie Hy sy Heilige Gees uitgestort het sodat hulle biddend kan leef en Hom ook onder die leiding van sy Gees sal dien en vereer.
- Hierdie mense is ons.

Een van die middels wat Hy gegee het om ons aan hierdie verlossingsgebeurtenis te herinner, is die viering van die heilige nagmaal.

- Hy het dit ingestel as 'n maaltyd, nie as 'n voortdurende offer, soos wat dit in die Ou Testament was nie.
- Daar staan in Hebreërs 7:27, 28 dat die Seun van God die ware Hoëpriester was en dat Hy net een offer gebring het, en dit was toe Hy Homself geoffer het. **wat nie elke dag nodig het, soos die hoëpriesters, om eers vir sy eie sondes offers te bring en dan vir dié van die volk nie. Want dit het Hy net een maal gedoen toe Hy Homself geoffer het. Want die wet stel as hoëpriesters aan mense met swakhede, maar die woord van die eedswering wat ná die wet gekom het, stel die Seun aan, wat vir ewig volmaak is.**
(Hebreërs 7:27, 28 AFR53)

Die nagmaal is 'n herinnering aan hierdie gebeurtenis.

- Die maaltyd by die heilige nagmaal vestig ons geloof op ons deelname aan die offer van Christus.
- By hierdie maaltyd word ons geleer dat ons volkome versoening van al ons sondes ontvang het van Jesus Christus ons Here af.
- Die sakrament beeld sigbaar uit dat ons fisies deel het aan die verlossingswerk van die Here Jesus.

Die feit is dat Jesus self by sowel die breek van die brood as by die neem van die beker konstateer dat die versoening wat Hy oor ons sondes bewerk het, volkome is. Dit beteken die volgende:

- Jesus se soenoffer is volmaak.
- Dit beteken dat ons geen eie bydrae hoef te maak vir ons saligheid nie, want sy bydrae is volkome.
- Dit beteken ook dat ons by niemand of niks anders hulp hoef te soek nie (en ook nie kan soek nie).

Daarom is die bedoeling dat hierdie maaltyd ons met 'n baie groot en diep innerlike vreugde moet vol maak.

- Die bedoeling is ook verder dat die gelowige wat aan die nagmaalstafel aansit, en die Here Jesus werklik ken, dit geestelik sal ervaar dat hy/sy ingelyf word in 'n lewende en 'n ewige gemeenskap met Jesus Christus.
- Die ware gelowige sal aan die nagmaalstafel die vrede ervaar dat hy weer van nuuts af glo dat niks en niemand hom van God kan vervreem nie.

2. Waar pas selfondersoek in by die offerande van die Here Jesus Christus?

By die nagmaal het ons met die belangrike saak te doen dat dit vir ons tot 'n seën is as ons die nagmaal reg gebruik, maar dat dit sonde is as ons dit verkeerd gebruik.

- Vir die mense wat met 'n ware geloof hulle deelgenootskap in die verbond beleef, is die nagmaal tot 'n seën omdat dit vir hulle 'n sigbare bewys is dat hulle en nog ander deel in die verlossingsgemeenskap met die Here.

Maar enige een kan nie in 'n verhouding van gemeenskap met die Here staan nie.

- Daarom moet elke nagmaalsganger homself eers deeglik ondersoek.
- Nou help dit ook nie veel as jy jouself ondersoek, en dit bly daarby nie – jy moet sleg voel oor die verkeerde dinge wat jy by jouself kry.

Die kennis wat ons opdoen oor ons sondes moet by ons die besef wakker maak dat ons sondes stry teen die heiligheid van God, en ook teen die heiligheid wat Hy in ons bewerk het deur die soendood van sy Seun Jesus Christus.

- Die evangelie belof juis aan die een wat berou het, volkome vergifnis van sy sondes.

Die dinge alles saam behoort ons te beweeg om weer vreugde in ons heiligmaking te ervaar.

- Selfondersoek is dus selfontdekking, met 'n lewe wat daarna volg waarin daar gebreek word met jou sonde.
- Selfondersoek saam met berou en bekering werk altyd groei in die geloof.
- Enige iemand wat eerlik na homself kyk, sien by homself tekens van die dood – nie net in sy sonde self nie, maar ook in sy eie gesindheid teenoor sy sondes.

Elke ware gelowige grond sy berou in twee sake:

- Die eerste is dat hy weet dat hy die heiligheid van God skend,
- maar die tweede is dat hy ook besef dat Christus nie gemeenskap hou met mense wat hom nie gelowig wil aanvaar en dien nie.

Daarom is die opdrag van die Here aan die kerk ook so skerp, naamlik dat diegene wat nie tot bekering wil kom nie, doodgewoon van die nagmaal af weggehou moet word.

- Die afhouding van die nagmaal moet hulle gewete dringender met hulle laat praat sodat hulle van hulle sondes afstand kan doen.

Dit is hier waar die nagmaal versterkend intree.

- Daar is mense wat sondig, maar wat nie daarin verhard nie – hulle stry, maar verloor dikwels teen die sonde.
- Die nagmaal leer aan sulke mense dat God ook vergewe.
- So veel dat Hy selfs sy Seun laat sterf het om sondaars se sondes te straf – sodat hulle nie as gevolg van hulle sondes deur sy oordeel vernietig sal word nie.
- Maar dan bly die eis dat sulke mense werklik opreg en voluit teen die sonde moet veg.

Die troos van die nagmaal maak dat ons weer in die Here Jesus Christus se krag kan opstaan, en dat ons ook weer na sy stem wil luister.

- Dan het ons weer moed om verder te lewe.
- By die nagmaal ervaar ons die mildheid en sagtheid van God se liefde.
- Ook die geluk van sy genade.

Mag die God van die vrede, wat ons Here Jesus Christus deur die bloed van die ewige testament uit die dode terugbring het, ons ook vol maak in elke goeie werk.

Mag Hy ons lei met sy Heilige Gees dat ons sy wil doen, en dat ons die Here Jesus Christus, aan wie die heerlijkheid toekom tot in alle ewigheid, dien met ons hele lewe!

Kom ons lees Kategismus Sondag 30 saam.

Vraag 80: Wat is die onderskeid tussen die nagmaal van die Here en die Roomse mis?

Antwoord: Die nagmaal betuig aan ons dat ons volkome vergewing van al ons sondes het, ter wille van die enige offer van Jesus Christus wat Hy self eens en vir altyd aan die kruis volbring het (a), en dat ons deur die Heilige Gees in Christus ingelyf word (b), wat nou na sy menslike natuur in die hemel aan die regterhand van die Vader (c) is en daar deur ons aanbid wil word (d). Die Roomse mis, daarenteen, leer dat die lewendes en die gestorwenes nie deur die lyding van Christus vergewing van sondes het nie, tensy Christus nog daagliks vir hulle deur die priesters geoffer word. Verder dat Christus liggaamlik in die brood en wyn aanwesig is en derhalwe daarin aanbid moet word. Die mis is dus in wese niks anders nie as 'n verloëning van die enige offer en lyding van Jesus Christus en 'n afgodery wat vervloek is (e).

(a) Heb 10:10, 12; 7:26, 27; 9:12, 25; Joh 19:30; Matt 26:28; Luk 22:19. (b) 1 Kor 10:16, 17; 6:17.

(c) Joh 20:17; Kol 3:1; Heb 1:3; 8:1. (d) Matt 6:20, 21; Joh 4:21; Luk 24:52; Hand 7:55; Kol 3:1; Fil 3:20; 1 Tess 1:10. (e) Heb 9:26; 10:12, 14.

Vraag 81: Wie moet na die nagmaalstafel van die Here kom?

Antwoord: Hulle wat vanweë hulle sondes 'n afkeer van hulleself het, maar tog vertrou dat dit hulle om Christus wil vergewe is en dat die swakhede wat nog oor is, met sy lyding en sterwe bedek is; en die wat ook begeer om hulle geloof hoe langer hoe meer te versterk en hulle lewe te verbeter. Maar die huigelaars en die wat hulle nie van harte tot God bekeer nie, eet en drink 'n veroordeling oor hulleself (a).

(a) 1 Kor 11:28; 10:19-22.

Vraag 82: Moet die mense ook aan die nagmaal toegelaat word wat met hulle belydenis en lewe wys dat hulle ongelowig en goddeloos is?

Antwoord: Nee, want so word die verbond van God ontheilig en sy toorn oor die hele gemeente opgewek (a). Daarom is die Christelike kerk volgens die bevel van Christus en sy apostels verplig om sulke mense met die sleutels van die koninkryk van die hemel uit te sluit, totdat hulle verbetering van hulle lewe bewys.

(a) 1 Kor 11:20, 34; Jes 1:11; 66:3; Jer 7:21; Ps 50:16.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 48:5 (p. 245)

- 5 Laat Sions berg weerklink van vreug! / Laat Juda's dogters hul verheug,
omdat Gods oordeel hul verbly het – / dié oordeel wat sy volk bevry het.
Aanskou die stad met skanse, / paleise, toringtranse –
hoedat hul pryk met nuwe prag. / En meld dit aan die jong geslag:
Die God is onse God, en Hy / sal tot die dood toe ons gelei.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Hulpdienspredikant
Gereformeerde Kerk Clanwilliam
Datum: 3 November 2013